NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

PASTORALE BRIEF
MAART 2021

DIE VRUG VAN DIE GEES (I): LIEFDE

“Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing” (Galasiërs 5:22-23).

Wanneer Johannes skrywe dat ons mekaar moet liefhê, sê hy dadelik vir hulle dat dit nie 'n nuwe gebod dié is nie. Maar net 'n paar verse verder sê hy: "Tog is dit ook 'n nuwe gebod..." Natuurlik is dit niks nuuts dat ons mekaar moet liefhê nie - dit was tog van die begin af die Here se opdrag aan sy kinders. God wil nooit hê dat ons selfsugtig moet lewe nie. Hy het Homself vir ons gegee, en so moet ons ook nie net aan onsself dink nie, maar mekaar se belange op die hart dra.

Tog is hierdie ou gebod in Jesus ook heeltemal nuut. Johannes verduidelik dit so: iemand wat beweer dat hy in Jesus bly, behoort self ook te lewe *soos Jesus gelewe het*. Dit maak die gebod nuut - ons het 'n nuwe Rolmodel wat vir ons kom wys het hoe om werklik lief te hê! Vandat Jesus ons so totaal onverdiend liefgehad het, kan ons nie langer voorwaardes stel vir ons liefde, en verskonings maak vir ons liefdeloosheid nie. En as jy wonder hoe lyk die liefde wat ons moet uitleef, lees maar net verder: Eksegete meen dat “Liefde” eintlik hier die opskrif is vir die lysie wat volg. Liefde is "vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing...." Kortom beteken dit: *Lewe soos Jesus.*